

H.F. Van Rooy

## LATYNSE VERTALINGS VAN DIE OU TESTAMENT — 'n BESPREGING AAN DIE HAND VAN GENESIS 17: 1- 7

Raakpunte in die studie van Latyn en Hebreeus kom nie dikwels tot hulle reg in die akademiese wêreld nie, en Suid-Afrika is seker geen uitsondering op die reël nie. Tog is daar 'n groot terrein wat op ontginning wag in hierdie verband. As blyk van waardering word hierdie poging in die rigting aangebied aan 'n geëerde leermeester op wie se rekening die gebreke nie geplaas moet word nie. Die Latynse vertalings van die Ou Testament waaraan aandag gegee word, is die *Vetus Latina* (VL) en die *Vulgaat* (V). Hulle word vergelyk met die Massoretiese teks (MT), die standaard Hebreeuse teks van die Ou Testament, en met die *Septuaginta* (LXX), die Griekse vertaling van die Ou Testament wat in die vroeë kerk geweldige aanhang geniet het.

Die materiaal vir hierdie vergelykende studie is van sekere standaard-tekstuitgawes verkry, waarna nie elke keer eksplisiet verwys sal word nie. Vir die MT is die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, uitgegee deur K. Elliger en W. Rudolph, gebruik. Die gegewens van die LXX is ontleen aan die uitgawe van Rahlfs (1965). Fischer (1949) bied die gegewens oor die VL en terselfdertyd oor die V. Hy gee ook toepaslike afwykende lesings van die LXX.

Die Hebreeuse teks van Genesis 17:1 begin met  $\text{וַיְהִי}$ , die sogenaamde historiese formule, (way<sup>o</sup>hi) wat telkens gebruik word om verhalende, historiese gedeeltes in die Ou Testament in te lei. Die LXX het dit vertaal met  $\text{Ἔγένετο}$ . Die historiese formule word ook meermale gebruik in uitdrukkings wat 'n persoon se ouderdom uitdruk, soos in hierdie geval.  $\text{Ἔγένετο}$  word ook meermale in die soort uitdrukking gebruik, bv. in Lukas 2:42. Die VL, wat 'n vertaling van die LXX is (Würthheim, 1966:86), vertaal met *factus est autem*. Die frase waarmee Abraham se ouderdom weergegee word, is soos volg deur die VL vertaal: *factus est Abram nonaginta novem annorum*. Die V vertaal egter met *postquam vero nonaginta et novem annorum esse coeperat*. Abraham se naam word dus uitgelaat, alhoewel daar enkele tekste is wat wel Abram byvoeg na *coeperat*. Die V verskil ook van die LXX en VL ten opsigte van woordorde, deurdat die V nie die Hebreeuse woordorde hier slaafs navolg nie. Tog is daar weer in 'n ander opsig 'n aansluiting van die V by die MT.  $\text{וַיְהִי}$  is 'n vorm van die werkwoord

הָיָה (hāyâ) — “om te wees” — in Hebreeus en esse ’n vorm van die ooreenstemende werkwoord in Latyn.

Die הָיָה, wat die gedeelte in Hebreeus verbind aan die voorafgaande gedeelte, word, soos baie gebruiklik, opgevolg deur ’n imperfektum met waw-konsekutief. In Bybelse Hebreeus is daar slegs twee “tye” van die werkwoord. Albei kan, onder sekere omstandighede, gebruik word vir hede, verlede en toekoms. Normaalweg egter dui die perfektum op die verlede en die imperfektum op die toekoms. ’n Heel besondere konstruksie, eie aan Bybelse Hebreeus, is die gebruik om die twee tye met die waw-konsekutief te verbind. Dan volg ’n perfektum met waw-konsekutief op ’n imperfektum en omgekeerd. Die tyd van die tweede stem dan nie ooreen met wat normaalweg van hom verwag sou word nie, maar met die tyd van die eerste. So is ’n imperfektum met waw-konsekutief na ’n perfektum gelyk aan ’n perfektum. Hierdie laasgenoemde konstruksie kom baie gereeld in historiese gedeeltes voor. Heeltemal korrek word die imperfektum met waw-konsekutief in Gen. 17:1 deur die LXX met καί plus die aoristus vertaal en deur sowel die VL as V met ’n perfektum. Dit sê wel iets van die vertalers van die LXX en V se kennis van Hebreeus, te meer as in gedagte gehou word dat hulle met ’n ongevoikaliseerde teks gewerk het. Die verskil wat daar is tussen die vokalisasie van die waw-konsekutief en die waw-kopulatief saam met die imperfektum, is natuurlik by ’n ongevoikaliseerde teks nie sigbaar nie. Interessant is ook dat die VL die waw-konsekutief met *et* vertaal en die V met *-que*; *et visus est* teenoor *apparuitque*. Die koppelwoord וַ word vooraan die woord gekoppel wat daarop volg, sodat dit daarmee ’n eenheid vorm, net soos die geval is met *-que*. Hierdie gebruik van *-que* in die V, wat telkens voorkom, is dus ’n keuse wat deur die Hebreeus beïnvloed is, teenoor die VL, wat die LXX volg.

Die Hebreeuse werkwoord יָרָא (yērâ), “hy het verskyn”, is in die Nifalstamformasie, wat sowel ’n passiewe as refleksiwe betekenis kan hê. In hierdie geval is dit duidelik refleksiw, letterlik; “die HERE het homself laat sien,” dit wil sê: “Hy het verskyn.” Die LXX vertaal dit met die passiewe aoristus van ὤρασα. Die VL volg die LXX na met die vertaling *visus est*, wat wel *reg* kan wees, maar wat nie so algemeen in die sin gebruik word nie. Die latere VL-tekste en die V het *apparuit*, wat beter by die betekenis van Hebreeus aansluit.

Die daaropvolgende gedeelte sal vertaald in al die tekste wees: “en Hy het vir hom gesê”. Die “vir hom” word in Hebreeus uitgedruk deur die

voorzetsel אֲנִי plus die voornaamwoordelike suffiks van die derde persoon manlik enkelvoud. Die LXX gebruik bloot die datief van αὐτός, en die VL die datief van *is*. Die V gebruik egter die voorzetsel *ad* plus *eum*. Dit is weer 'n vertaling wat op 'n manier aansluit by die Hebreeuse teks. Hierna stel God Homself aan Abraham bekend. In die MT staan daar: אֲנִי אֱלֹהֵי שַׁדְדַּי (ʾni ʾēl šadday): “Ek is El Sjadday.” Die naam Sjadday word meermale vir God gebruik, en wat die presiese betekenis daarvan is, is nie seker nie. Dit word gebruik in verbinding met El, soos hier, en ook op sy eie, soos dikwels in die boek Job. Dit is duidelik dat die vertalers van die LXX daarmee probleme gehad het. Hier is dit vertaal met Ἐγώ εἰμι ὁ θεός σου. Oral waar die verbinding El Sjadday voorkom, gee die LXX dit weer met een of ander persoonlike voornaamwoord. Die VL volg die LXX hierin na en vertaal met *ego sum deus tuus*. Die enigste verskil is dat die Grieks die genitief van die persoonlike voornaamwoord gebruik, en die Latyn die besittlike voornaamwoord. Elders waar die verbinding in Hebreeus voorkom, volg die VL ook die LXX, met in elke geval net die toepaslike besittlike voornaamwoord. In die Hebreeus word ook in nominale sinne van hierdie soort nie een of ander vorm van die werkwoord “om te wees” gebruik nie. Die LXX en die VL het egter albei 'n vorm van die werkwoord in die vertaling van die sinnetjie. Die V vertaal egter met *ego deus omnipotens*. Die sinskonstruksie volg dus die Hebreeuse sin na, en daar word gepoog om 'n vertaling vir Sjadday te gee. Die Afrikaanse vertaling “Almagtige” vir die woord se verband met *omnipotens* is maklik om raak te sien. Die verbinding El Sjadday kom ses keer in die boek Genesis voor, en die LXX maak daarvan elke keer óf “my God” óf “jou God”. Hierdie vertaling word konsekwent deur die VL gevolg. Die V vertaal in elke geval met *deus omnipotens*, behalwe in 49:25, waar slegs *omnipotens* gebruik word. Die MT is egter op daardie plek korrup, en daar moet 'n teksverbetering aangebring word om אֲנִי אֱלֹהֵי שַׁדְדַּי (w<sup>e</sup>ēt šadday) te verander na אֲנִי אֱלֹהֵי שַׁדְדַּי (w<sup>e</sup>ēl šadday). Dalk moet hier op grond van die lesing van die V net אֱלֹהֵי שַׁדְדַּי (šadday) gelees word.

Weippert (1976:874,5) sê dat die V in sy vertaling ten opsigte van die vertaling van אֱלֹהֵי שַׁדְדַּי (šadday) van die LXX afhanklik is met die vertaling *omnipotens*. Dit is volgens hom 'n weergawe van die Griekse παντοκράτωρ. Tog word die Griekse παντοκράτωρ nooit gebruik as vertaling van אֱלֹהֵי שַׁדְדַּי nie. Die V gebruik egter *omnipotens* in al die gevalle waar die kombinasie in Hebreeus gebruik word. Dit is wel waar dat die LXX ἰσπαντοκράτωρ gebruik as vertaling

van <sup>יְשׁ</sup> waar dit alleen voorkom. Dit is in 'n hele aantal gevalle waar, maar al daardie gevalle is beperk tot die boek Job. Selfs in Job dek παντοκράτωρ en *omnipotens* mekaar nie. παντοκράτωρ kom twee keer in die LXX voor op plekke waar die V nie *omnipotens* het nie, maar wel *dominus* en *is*. *Omnipotens* kom ook op baie plekke in die V voor waar die LXX nie παντοκράτωρ het nie. Die V vertaal <sup>יְשׁ</sup> met *omnipotens* op een plek waar die LXX ὁ τὰ πάντα ποιήσας het, op ses plekke waar die LXX κύριος en op twee plekke waar die LXX παντοκράτωρ is in die LXX die algemene vertaling vir <sup>יהוה יצב</sup> (*š<sup>o</sup>bā'ôt*) in die verbinding <sup>יהוה יצב</sup> (*Yahwē š<sup>o</sup>bā'ôt*), waarvoor die V reëlmatig *dominus exercituum* het. Indien al hierdie gegewens in ag geneem word, blyk die afhanklikheid van die V aan die LXX nie duidelik nie. Dit mag wees dat die V se *omnipotens* van παντοκράτωρ afgelei is, maar in die meer as tweehonderd gevalle waar παντοκράτωρ as vertaling vir <sup>יהוה יצב</sup>, "die HERE van die leërske", gebruik word, word dit nie met *omnipotens* vertaal nie. Die V se gebruik van *omnipotens* wyk dus heeltemal af van die LXX se gebruik van παντοκράτωρ. Interessant is die feit dat in Gen. 17:1 Aquila se vertaling waarskynlik <sup>εὐαρέσκει</sup> was, 'n vertaling wat in die LXX in Eseg. 1:24 en Job 21:15, 31:2 en 40:2 en in Rut 1:20 en 21 aangetref word.

Die Hebreëuse <sup>התהלך לפני</sup> (*hithallēk l<sup>o</sup> pānāy*) letterlik: "wandel voor my aangesig", is in die LXX vertaal met <sup>εὐαρέσκει ἐναντίον</sup> ἐμοῦ : "wees behaaglik voor my." Die laat-Afrikaanse en Italiaanse tekste van die VL volg op hierdie spoor met die vertalings *prospere age in conspectu me* en *emerere (com)place/placeto In conspectu meo (coram me)*. Daarteenoor keer die V terug na die meer letterlike vertaling met *ambula coram me*, met *ambula* 'n baie goeie vertaling van die Hebreëuse werkwoord.

Hierdie imperatief in Hebreëus word opgevolg deur die imperatief van die werkwoord <sup>היָא</sup> (*hāyā*) om te wees. Die LXX vertaal dit met <sup>ἔστω</sup>, en sowel die VL as V met *esto*, die argaïese imperatief van *esse*. Interessant is die vertaling van die Hebreëuse <sup>תָּמִים</sup> (*tāmīm*). Die Hebreëuse woord het 'n sterk positiewe betekenis ("volmaak"). Die LXX vertaal hier met <sup>ἀμεμπτος</sup> en meermale elders met <sup>ἀμωμος</sup> (Koch, 1976:1050). Die twee woorde se inhoud is meer negatief bepaald ("sonder gebrek"), wat wel semanties met "volmaak" kan ooreenstem. Die VL vertaal met *sine querella*, en sommige

tekste met *sine macula, sine reprehensione* en *inculpabilis*. Die V gryp weer terug na die MT met die vertaling *perfectus*. Die vertaling van die VL, *sine querella* — “sonder klagte” — hou op die oog af geen verband met die Hebreeuse woord  $\text{אָהַר}$  nie, en selfs nie met die Griekse  $\delta\mu\epsilon\mu\pi\tau\omicron\varsigma$  nie.  $\delta\mu\epsilon\mu\pi\tau\omicron\varsigma$  is egter afgelei van die werkwoord  $\mu\acute{\epsilon}\mu\phi\omicron\mu\alpha\iota$ , wat wel in die betekenis “om te kla” gebruik word (Liddell en Scott 1861:883). In die sin hou die vertaling *sine querella* tog wel verband met die Griekse stam, maar dit is wel ver verwyderd van wat  $\delta\mu\epsilon\mu\pi\tau\omicron\varsigma$  in die verband waarin dit hier in die LXX voorkom, beteken en  $\text{אָהַר}$  verder van die Hebreeuse woord.

Die Hebreeuse woord  $\text{בְּרִית}$  (*b<sup>o</sup>rit*) wat aan die begin van vers twee voorkom, is ’n baie belangrike woord in die Ou Testament. Dit word gebruik om die verbond tussen God en sy volk aan te dui. Vir die gebruik van die woord in die Ou Testament kan die standaard-artikels van Kutsch (1971) en Weinfeld (1972) geraadpleeg word. Die LXX vertaal dit gewoonlik met  $\delta\iota\alpha\theta\eta\kappa\eta$  en nie met  $\sigma\upsilon\nu\theta\eta\kappa\eta$  soos wat ’n mens normaalweg na aanleiding van die gebruik in Klassieke Grieks sou verwag nie. Laasgenoemde is daar gewoonlik die woord wat gebruik word om ’n ooreenkoms tussen twee partye aan te dui, en eersgenoemde is die woord vir ’n testament (Guhrt, 1975:365). Die VL vertaal  $\delta\iota\alpha\theta\eta\kappa\eta$  ook met *testamentum*, waarvan die Afrikaanse “testament” natuurlik afgelei is. Daarteenoor gebruik die V hier *foedus* en elders *pactum*. In sowel die LXX as die VL en V word as werkwoord vir die handeling by die verbondsluiting tegniese terme gebruik. In die Hebreeus word egter nie die gebruiklike tegniese term saam met die woord vir verbond gebruik nie. Hier word die imperfektum van  $\text{נָתַן}$  (*nātan*) gebruik, terwyl die normale term  $\text{כָּרַת}$  (*kārat*) is. Dit is miskien as gevolg daarvan dat die LXX hier nie die gebruiklike  $\delta\iota\alpha\tau\acute{\iota}\theta\eta\mu\iota$  gebruik nie, maar wel  $\tau\acute{\iota}\theta\eta\mu\iota$ . Die verband tussen  $\delta\iota\alpha\theta\eta\kappa\eta$  en  $\delta\iota\alpha\tau\acute{\iota}\theta\eta\mu\iota$  spreek vanself. Sowel die VL as V gebruik *ponam*.

Die kenmerkende Hebreeuse gebruik om die voorsetsel  $\text{בֵּן}$  (*bēn*) te plaas voor die woorde wat albei die partye, waartussen iets plaasvind, aandui, word deur die LXX gevolg met die vertaling  $\text{ἀνὰ μέσον ἐμοῦ καὶ ἀνὰ μέσον σοῦ}$ . Dit is dus duidelik ’n Hebraïsme, wat hier nie in die Europese tekste van die VL aangetref word nie, maar wel by Augustinus. Aan die einde van die vers word die uitdrukking “Ek sal jou vermeerder” in die Hebreeus versterk deur die dubbele gebruik van die bywoord  $\text{רַבָּה}$  (*m<sup>o</sup>ōd*) —  $\text{רַבָּה רַבָּה}$  (*bim<sup>o</sup>ōd m<sup>o</sup>ōd*). Die LXX vertaal dit met

σφοδρα, alhoewel daar 'n aantal manuskripte is wat σφοδρα herhaal. Die VL vertaal dit met *nimis* (of *valde*). Die V vertaal met *vehementer nimis* wat duidelik teruggryp na die MT.

Die eerste helfte van vers 3 word deur die LXX baie getrou weergegee: καὶ ἔπεσεν Ἀβραμ ἐπὶ πρόσωπον αὐτοῦ — “en Abram het op sy gesig geval.” Die VL gebruik *procidere* om die handeling mee weer te gee, en die V het *cecidit Abram pronus in faciem*. Die αὐτοῦ in die Grieks is 'n vertaling van die voornaamwoordelike suffiks wat in die Hebreeus aan die woord vir gesig geplaas is. Die V laat dit heeltemal weg, terwyl dit in die VL ook oorwegend wegelaat is. 'n Enkele teksgetuie van die VL voeg nog daaraan toe *et adoravit deum*, 'n standaardformule wat elders meermale voorkom saam met die uitdrukking “hy het op sy gesig geval.” Hierdie soort byvoeging is 'n algemene een in die oorlewering van manuskripte.

Die Hebreeuse וַיִּמְרַן (wayyōmer), “en hy het gesê”, word in die LXX gewoonlik vertaal met εἶπον. In die Hebreeus word egter die ander baie algemene term aangetref ( וַיִּדְבֹר — wayy<sup>a</sup>dabbēr). In vers 2 het die LXX וַיִּמְרַן met λέγω vertaal en die VL en V met *dixit*. Die LXX se ἐλάλησεν as vertaling vir וַיִּדְבֹר word egter in die VL vertaal met *locutus est* — dalk gekies weens die klankooreenkoms ten opsigte van die l aan die begin van die twee woorde. Die V vertaal egter weer met *dixit*. Die infinitief van die werkwoord וַיִּמְרַן (āmar), “om te sê”, word dikwels gebruik om die direkte rede in te lei. Die LXX gebruik hier daarvoor die deelwoord van λέγω en die VL volg met die deelwoord van *dico*. Die V laat dit heeltemal weg. In die meeste moderne vertalings word dit met 'n dubbelpunt weergegee, sodat die V hier heeltemal modern is.

Aan die begin van vers 4 word in die MT 'n nominale uitroepsin aangetref, waarvan die woordorde ongewoon is. Die sin is וַיִּבְרַח אֲנִי הִנֵּה בְרִיתִי אִתְּךָ (ʾnī hinnē bʾrîtî 'ittāk), waar die selfstandige persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon enkelvoud as *casus pendens* gebruik word: “wat My betref, kyk, my verbond is met jou.” Die LXX bied 'n woordelike vertaling hiervan, met die byvoeging van καὶ aan die begin: καὶ ἐγὼ ἴδου ἡ διαθήκη μου μετὰ σοῦ. Die VL laat die koppelwoord weg en volg 'n aantal manuskripte van die LXX met 'n ander woordorde: *ecce ego testamentum meum ponam tecum*. Die nominale sin van die LXX word hier verbaal gemaak deur die gebruik van *ponam*.

Die V bied 'n heel ander vertaling; *ego sum et pactum meum tecum*. Die uitroepsin in die Hebreeus het hier duidelik probleme veroorsaak, maar die nominale sin bly behoue, teenoor die VL wat 'n verbale sin gebruik. *Ego sum* kan dalk 'n vertaling wees van die uitroep הִנֵּה (hinnê), "kyk", met die suffiks van die eerste persoon enkelvoud, הִנֵּנִי (hinnēni), wat 'n samevoeging is van הִנֵּה en אֲנִי. Let ook hier op die gebruik van *pactum* as vertaling van הַבְּרִית, teenoor die *foedus* van vers 2. Die res van die vers bied geen probleme nie.

Die LXX gee in vers 5 'n baie letterlike vertaling van die MT, en word deur die VL gevul. Die V wyk hiervan af deur 'n vryer vertaling van die Hebreeus, soos bv. die *nec ultra* aan die begin van die vers teenoor die καὶ οὐ... ἔτι van die LXX en *et non ... iam* van die VL. Die nominale sin "maar jou naam sal ... wees" vertaal die LXX met ἀλλ' ἔσται τὸ ὄνομα σου en die VL met *sed erit nomen tuum*. Die V vertaal dit met die werkwoord *appellaberis*.

Aan die begin van vers 6 word 'n baie interessante vorm in die VL aangetref. Die Hebreeuse וְהִפְרֵתִי (w<sup>e</sup>hiprēti) kan vertaal word met "en Ek sal jou vrugbaar maak." Die LXX vertaal dit met αὐξάνω, wat 'n merkwaardige vorm is. Dit is 'n futurum van αὐξάνω en hierdie vorm van die futurum word net in die LXX aangetref (Liddell en Scott, 1861:206), teenoor die normale futurum, αὐξήσω. Die VL gebruik die werkwoord *augeo*, wat verband hou met die Griekse stam (Simpson, 1975:67). Die Latynse woord behoort egter tot die tweede vervoeging van die werkwoord en sy futurum simplex is dus *augebo*, soos wat dit inderdaad by Ambrosius in hierdie gedeelte aangetref word. Die algemene vorm wat egter in die VL voorkom, is *augeam*. Dit is die vorm van die praesens konjunktief, maar 'n konjunktief maak hier geen sin nie. Daar is twee moontlike verklarings vir die vorm hier. Die vertaler in Latyn het óf die ongewone Griekse vorm nie verstaan nie, en gemeen dat dit 'n konjunktief is, óf hy het die Latynse futurum van die tweede en derde vervoegings verwar. Die wisselvorm *augam* kom inderdaad by van die manuskripte voor, wat die tweede moontlikheid meer waarskynlik maak. In vers 20 word dieselfde vorm in die LXX en MT aangetref, maar daar het die VL (Europese teks) *amplificabo*, alhoewel *augebo* in een manuskrip voorkom. Die V het hier in vers 7 *faciam te crescere*, wat 'n omskrywing is van die Hebreeus, en *augebo* in vers 20.

Die Hebreëuse  $\text{דָּבַר דְּבַר}$  (vgl. vers 2) word hier deur die LXX met  $\sigma\phi\delta\rho\alpha \sigma\phi\delta\rho\alpha$  vertaal, en die VL sluit hierby aan met *valde nimis*. Die V het in vers 2 *vehementer nimis* en hier *vehementissime*, wat wel 'n ander manier is om die Hebreëus te verdiskonteer. Die VL sluit in beide gevalle direk aan by die LXX.

Direk hierna word in sowel die LXX as die VL en V 'n Hebraïsme aangetref. Die Hebreëus  $\text{וְיִגְדֶּלְךָ ה' אֱלֹהֶיךָ}$  ( $\hat{u}n^{\circ}tattik\hat{a} l^{\circ}g\hat{o}yim$ ) kan vertaal word met: "En Ek sal jou tot nasies maak." In die Hebreëus word die voorsetsel  $\text{וְ}$  ( $l^{\circ}$ ) hier gebruik om die produk aan te dui wat die resultaat van God se handeling sal wees. Die LXX het  $\theta\acute{\eta}\sigma\omega \sigma\epsilon \epsilon\lambda\zeta \epsilon\theta\upsilon\eta$ . Hierdie soort uitdrukking word wel in die Nuwe Testament aangetref, maar nie in Klassieke Grieks nie. Die VL volg dit na met *ponam te in gentes*. Die V gebruik 'n ablatief: *ponam te in gentibus*, alhoewel die *te* in heelwat manuskripte uitgelaat is.

Hier word ook een van die plekke aangetref waar die VL afwyk van die standaardteks van die LXX. Die Hebreëuse  $\text{יָגֵזוּ}$  ( $y\acute{e}s\acute{e}'\acute{u}$ ) word in die LXX vertaal met  $\epsilon\acute{\xi}\epsilon\lambda\epsilon\acute{\upsilon}\sigma\sigma\omicron\nu\tau\alpha\iota$ , terwyl daar enkele manuskripte is wat vertaal met  $\epsilon\sigma\sigma\omicron\nu\tau\alpha\iota$ . Hierdie afwykende lesing word deur die VL gevolg met *erunt*, alhoewel daar enkele manuskripte is wat die normale lesing van die LXX volg met *exient* en *exibunt*. Eersgenoemde is 'n abnormale futurum simplex van *exeo*. Dit is wel interessant om op te merk dat die vorme *augeam* en *exient* albei by Augustinus voorkom, en nie albei ook by 'n ander teksgetuie nie. Die V se vertaling (*egredientur*) stem nie met die verskillende moontlikhede van die VL ooreen nie, en is 'n goeie vertaling van die Hebreëus. Die Hebreëuse frase  $\text{וְיִקְהַלְתִּי אֶת בְּרִיתִי}$  ( $wah^{\circ}qim\acute{o}t\hat{i} 'et-b^{\circ}r\hat{i}t\hat{i}$ ), "Ek sal my verbond oprig", is 'n tegniese uitdrukking (Kutsch 1971:345). Letterlik beteken die werkwoord egter "om te laat staan", en dit is nie die mees gebruikelike tegniese term wat saam met die woord vir "verbond" gebruik word nie. Die LXX gebruik in aansluiting hierby ook nie die gebruikelike tegniese term ( $\delta\iota\alpha\tau\acute{\iota}\theta\eta\mu\iota$  of  $\tau\acute{\iota}\theta\eta\mu\iota$ ) nie, maar die futurum van  $\lambda\omicron\sigma\tau\eta\mu\iota$  ( $\sigma\acute{\iota}\theta\omega$ ) alhoewel daar enkele manuskripte is wat wel  $\theta\acute{\eta}\sigma\omega$  gebruik. Die VL volg weer die minder algemene lesing van die LXX deur die tegniese term *pono* te gebruik. Daar is wel enkele voorbeelde van *statuam*. Die verband daarvan met  $\lambda\omicron\sigma\tau\eta\mu\iota$  spreek van self. Die V gebruik ook *statuam* hier, wat miskien daarop kan dui dat daar tog wel van die LXX kennis geneem is by die vertaling van hierdie vers.



Interessant is ook hier die vertaling *inter medium meum* wat hierna by sommige van die tekste van die VL voorkom as vertaling van ἀνά μέσον έμοῦ, wat wys op hoe 'n slaafse manier die VL die LXX volg. Dit is op meer plekke duidelik. Dit blyk ook uit die vertaling *inter medium seminis tui vir* ἀνά μέσον τοῦ σπέρματός σου, uit *in generationes eorum vir* εἰς γενεάς αὐτῶν en uit *in testamentum aeternum vir* εἰς διαθήκην αἰώνιον. εἰς is hier 'n vertaling van die Hebreuse voorsetsel אֶל (e). Die V is in hierdie gevalle meer oorspronklik. Hy volg nie die LXX en VL met die herhaling van die voorsetsel voor beide partye wat by die saak betrokke is nie, soos wat die geval is met die Hebreuse voorsetsel בֵּן (bên). Waar die VL die Griekse voorsetsel εἰς plus die akkusatief hier weergee met *in* plus die akkusatief, gebruik V *in* plus die ablatief. Nog 'n plek waar die V van die VL verskil, word net hierna aangetref. Die Hebreuse לְבְרִית עוֹלָם (librît 'ôlām), "as 'n ewige verbond", waar die voorsetsel gebruik word in een van sy baie funksies, word in die LXX weergegee met εἰς διαθήκην αἰώνιον. Die VL volg die voorbeeld na met *in testamentum aeternum*. Na die gebruik van *testamentum* is reeds verwys. Hier moet egter gewys word op die gebruik van die voorsetsel εἰς en *in*, die akkusatief by albei en die vertaling van αἰώνιον met *aeternum*, waar daar wel iets van 'n klankooreenkoms aan die begin van die twee woorde is. Die V vertaal met *foedere sempiterno*, waar die klankooreenkoms met αἰώνιον verdring is. Die V gebruik ook hier 'n instrumentele ablatief, teenoor die voorsetsels plus akkusatief van die LXX en VL. In die V word die ewige verbond dus beskou as die instrument waarmee God Homself aan Abraham verbind het. Die voorsetsel אֶל word in Hebreeus gewoonlik nie instrumentaal gebruik nie, behalwe by die passiewe werkwoorde, waar dit wel gebruik word om die handelende persoon aan te dui. Die vertaling van die V berus in elk geval hier duidelik op 'n eie interpretasie van die teks.

In hierdie vers word die verskynsel ook aangetref dat בְּרִית twee keer voorkom, en dat dit in die V met twee verskillende woorde vertaal word. In die een geval is dit met *pactum* vertaal en in die ander met *foedus*. בְּרִית kom in Genesis 27 keer voor en daarvan word dit 11 keer met *pactum* en 16 keer met *foedus* vertaal. Hierdie gevalle is versprei oor hoofstukke 6, 9, 14, 15, 17, 21, 26 en 31. *Pactum* kom egter net in hoofstukke 9 en 17 voor, waar die verbondsluitings met Noag en Abraham vermeld word. *Foedus* kom in al die hoofstukke voor, insluitende 9 en 17. As tegniese terme vir die handeling by die verbondsluiting kom die werkwoorde *pono* (saam met *foedus*) en *statuo* (saam met *pactum*) voor. Dit is wel moontlik om 'n sekere betekenisonderskeid aan te dui in die

twee hoofstukke waar die twee woorde saam gebruik word. As daar gepraat word van die teken van die verbond, word dit konsekwent *signum foederis* genoem in sowel Genesis 9 as 17, en nooit *signum pacti* nie. In albei hoofstukke word *pactum* gebruik alleen as aanduiding van die konkrete ding wat gesluit is, die ooreenkoms, terwyl *foedus* meer dui op die handeling wat die twee partye aan mekaar verbind, die verbondsluiting. So is daar 'n teken vir die verbondsluiting — die reënboog in 9 en die besnydenis in 17. In 17:7 is *foedus* die instrument wat uitloop op die *pactum* en in 17:13 en 19 dui dit op die voortdurende band wat tussen die twee partye ontstaan het, wat meer is as die “geskrewe” ooreenkoms. Dit dui op die gemeenskap, op die onderlinge verhouding waarin sekere dade van belang bly. Waar *foedus* elders, buiten hierdie twee hoofstukke voorkom, word hierdie onderskeid nie gehandhaaf nie, soos bv. in Genesis 14:13 en 15:18.

Dit is natuurlik nie moontlik om op grond van die bespreking van enkele verse tot verreikende gevolgtrekkings te kom nie. Tog is daar 'n paar sake wat aangestip kan word. Die belangrikste daarvan is dat dit hier baie duidelik is dat die VL die LXX volg en die V die MT. Die LXX self het verskeie resensies ondergaan (Würthwein 1966:56 - 66). Die belang van die VL by die studie van die LXX is dat dit dateer uit 'n tyd voor die resensies van die LXX (Würthwein 1966:86). Dit gee dus 'n aanduiding van hoe die teks van die LXX daar uitgesien het voor die resensies. Dit lyk egter nie asof daar in hierdie paar verse veel verandering ten opsigte van die LXX plaasgevind het nie. Slegs op drie plekke is daar kleinere afwykinge van die LXX in die VL te vinde, en in al drie gevalle stem die VL ooreen met lesings wat wel in enkele manuskripte van die LXX aangetref word.

Die eerste is ten opsigte van die sinnetjie “wat my betref, kyk, my verbond is met jou” in vers 4. Hier volg die VL wat die woordorde betref 'n aantal afwykende manuskripte van die LXX. Die nominale sin van die LXX (en die MT) word verbaal gemaak deur die gebruik van *ponam*. Die tweede is in vers 7, waar die VL weer aansluit by 'n aantal manuskripte van die LXX met die vertaling *exient* of *exibunt*. Dieselfde gebeur 'n entjie verder in vers 7, waar die VL die tegniese term *pono* gebruik, wat nie die algemene woord hier in die LXX is nie. Die verskil tussen die VL en die LXX is dus van geringe omvang in hierdie gedeelte. Dit is ook duidelik dat die VL die LXX so ver as moontlik op die voet volg. Dit blyk uit die vertaling *inter medium meum* wat by sommige tekste voorkom, *testamentum* as vertaling vir die woord vir verbond, die gebruik

van die voorsetsel *in* in aansluiting by die Grieks en die keuse van sekere Latynse woorde op grond van 'n klankooreenkoms met die Grieks.

Daarteenoor bied die V 'n meer oorspronklike en soms ook 'n meer vrye vertaling van die Hebreëus. Tog is dit duidelik dat die V op plekke nader aan die MT is as die LXX.

Wanneer die gehalte van die twee Latynse vertalings vergelyk word, is dit duidelik dat die V van 'n hoër gehalte is as die VL. Die V getuig ook van meer oorspronklikheid. Dink hier maar net aan die vorme *augeam* en *exient* wat by die VL voorkom, of aan die vertaling met *omnipotens* by die V. 'n Ander voorbeeld is die kleitrappery van die VL met *sine querella*.

Alhoewel daar sprake van 'n geringe invloed van die LXX op die V kan wees, is daar heelwat plekke in die paar verse waar die LXX heeltemal deur die V geignoreer word by die vertaling van die Hebreëuse teks. Voorbeelde hiervan is die vertaling van אָרְיָה met *foedus* en *pactum*, van אֶמְצִיךָ met *perfectus* en *vehementer nimis* in vers 2 en *vehementissime* in vers 7. Dit blyk ook uit die gebruik van die VL om die voorsetsel *in* plus die akkusatief te gebruik in aansluiting by die Grieks, as weergawe van die voorsetsel אֲנִי, terwyl die V eerder 'n ablatief gebruik, met (vers 2) of sonder (vers 7) die voorsetsel *in*. Die V stem ook in 'n hoër mate ooreen met die MT, wat daarvan getuig dat die Hebreëuse teks wat hy gebruik het, in 'n groot mate dieselfde was as die latere gestandaardiseerde MT.

Die belang van die studie van die VL vir die studie van die LXX en die V vir die MT kan hieruit duidelik gesien word. Daar word vertrou dat, deur die interdisciplinêre samewerking, hierdie veld in die toekoms meer ontgin sal word as wat in die verlede die geval was in Suid-Afrika.

## BIBLIOGRAFIE

- ELLIGER, K. en RUDOLPH, W. 1966/77. *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. Stuttgart: Deutsche Bibelstiftung.
- FISCHER, P.B. 1949. *Vetus Latina*. Die Reste der allateinische Bibel nach Pierre Sabatier neu gesammelt und herausgegeben von der Erzabtei Beuron. Freiburg im Breisgau.
- GUHRT, J. 1975. *Covenant*. In Brown, C. *The new international dictionary of New Testament theology*. Grand Rapids: Zondervan 365 - 372.

- KOCH, K. 1976. תָּמַם tmm vollständig sein. In Jenni, E. en C. Westermann, Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Band II. München/Zürich: Kaiser Verlag/ Theologischen Verlag. 1045 - 1051.
- KUTSCH, E. 1971. בְּרִית b<sup>°</sup>rit Verpflichtung. In Jenni, E. en C. Westermann, Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Band I, München/Zürich: Kaiser Verlag/Theologischen Verlag. 339 – 352.
- LIDDELL, H.G. en R. SCOTT. 1861. Greek-English lexicon. Oxford: Clarendon Press.
- RAHLFS, A. 1965. Septuaginta. Stuttgart: Württembergische Bibelanstalt.
- SIMPSON, D.P. 1975. Cassell's New Latin-English English-Latin dictionary. London: Cassell.
- WEINFELD, M. 1972. בְּרִית b<sup>°</sup>rit. In Botterweck G.J. en H. Ringin, Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Band I. Stuttgart Kohlhammer. 781 – 808.
- WEIPPERT, M. 1976. *Saddaj*. In Jenni E. en C. Westermann. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Band II. München/Zürich: Kaiser Verlag/ Theologischen Verlag. 873 – 881.
- WÜRTHWEIN, E. 1966. Der Text des Alten Testaments. Stuttgart: Württembergische Bibelanstalt.